21/2010 15 Julie 2010

Geagte Ouers

Welkom terug na ‘n lekker lang vakansie saam met u kind(ers). Sterkte vir die komende kwartaal. Ons bring graag die volgende vriendelik onder u aandag.

**2010: LEWE MET DANKBAARHEID**

Derde kwartaal: **BEDAGSAAMHEID**

- Bedagsaamheid vir ander is die basis vir ‘n goeie lewe en goeie gemeenskap.
- Ons lewens word regeer deur al die voordele van bedagsaamheid.

## 1. BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| Ma 19 Jul | **Gr 4 – 7: Rapporte en Oueraandbriefies na Ouers** |
| | **OOV-bestuur 18:00** |
| Do 22 Jul | **Oueraand: Gr 4 – 7** |

**Oueraand** (**LEERONDERSTEUNING**): Ouers moet daarop let dat vorderingsverslae vir Leerondersteuning onderteken en voor Maandag 20 Julie 2010 aan me Kershoff teruggestuur moet word.

## 2. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

| DATUM | AKTIWITEITE | TEENSTAANDERS | T/W |
|---|---|---|---|
| Ma 19 Jul | Netbal | De Kuilen | W |
| Di 13 Jul – Son 18 Jul | Hokkie & Netbal: O/13A | Mosselbaai | W |
| Di 20 Jul – Son 25 Jul | Rugby O/10A & O/11A | Toer: Riversdal | W |
| Wo 21 Jul | Rugby | Simonsberg | W |
| | Netbal | Mikro | T |
| Do 22 Jul | Hokkie (S) | Gene Louw | W |
| | Hokkie (M) | Gene Louw | T |

**O/13A Rugbytoer (Namibië)**: Baie geluk aan ons toerspan met hul puik oorwinnings. Al ses wedstryde gewen. Ons is ook trots op ons leerlinge se gedrag en sportmangees.

## 3. SKOOLGELDE

**NB <u>Alle gelde</u>** (korrekte bedrag) moet in ‘n **geseëlde koevert** skool toe gestuur word.
<u>BANKBESONDERHEDE</u>: ABSA (Takkode: 632005), BRACKENFELL, TJEK REK., NR. **01002621262 (Verwysing: U kind se naam & van of u rek. Nr.)**

## 4. PERSONEELNUUS

<u>Verjaardae</u>: **Me M Fourie** (Gr 3E: Do 15 Jul), **mevv S Oosthuizen** (Gr 5A: Vr 16 Jul)**, A van Rensburg** (Gr 5A: Sat 17 Jul) **en mnr T Carstens** (Opsigter: Ma 19 Jul)**.** Baie geluk. Mag dit ‘n wonderlike en geseënde jaar vir jul wees.
<u>Geboortes</u>: Willie en Janita Esterhuizen met die geboorte van Jané.
Johan en Danelle van Rensburg met die geboorte van Xander.
Mag hul vir jul groot vreugde bring. Ons is bly saam met julle.
<u>Sterftes</u>: Mev Visser (Moeder) & mnr Burger (Vader). Ons innige simpatie met die afsterwe van jul ouers.

## 5. SKOOLDRAG / SPORTDRAG (Navrae: sekretaresses 981-1882).

Verkope: **Ma & Wo 13:30 – 15:00**
**Elke Woensdagaand: 17:00 – 18:00**
**Ondersteunersbaadjies wat bestel is, is nou beskikbaar.**

## 6. ALGEMEEN

1. **Onthou die KOERANTE en TYDSKRIFTE vir herwinning.**
2. **KOMMUNIKASIE MET OUERS**
   - Verdere inligting sal volg sodra ons op die stelsel is.
3. Conquesta Olimpiade (Gr 1 – 3): Sal in Augustus geskryf word.

Vriendelike groete

Moenie voor my loop nie, ek kan jou nie volg nie.
Moenie agter my loop nie, ek kan jou nie lei nie.
Kom stap langs my en gee my jou hand: ons gaan saamstap.

_____
**C D Eksteen**
**SKOOLHOOF**

---

Ek, ouer van _____ Gr _____ erken ontvangs van **Omsendbrief 21/2010.**

_____ _____
**HANDTEKENING** **DATUM**